



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. 3 Oktober 2021

Vanoggend se erediens

Tema: Met Christus in my - hoe kyk ek na jou en die wêreld om my?

Skriflesing: Galasiërs 2

Nuwe kerkraadslede verkies

Die kerkraad het Dinsdag op sy vergadering die volgende kerkraadslede verkies:

Ouderlinge:

Freda Venter (wyk 2), Amanda van der Westhuizen (wyk 4), Ria Wilke (Ons Woning), Alid Hugo (Leeukuil), Gerhard Venter (Modderrivier-Oos), Mauritz Kotzé (Swartkoppies)

Diakens:

Kobus Moolman (wyk 1), Annamarië Dercksen (wyk 2), Anna-Marie Terblanche (herkies wyk 6), Jean Sheppard (Leeukuil), Gerdus Venter (Modderrivier-Oos), Marnus Nel (herkies Emmaus), Stefan Bester (Swartkoppies)

Ander:

Administrasie: Dirk Terblanche; **Jeug:** John-John van Niekerk

Baie geluk aan julle almal. Ons bid vir leiding met julle antwoord. Die bevestiging sal (DV) op 14 November plaasvind.

Ons Program

Vandag

- ☞ **Formele erediens** om 9:30 olv ds. Fanus Hening
- ☞ **Sondagskool** - Geen (vakansie)
- ☞ **Deuroffer:** Sinodale Pesioenfonds
- ☞ **Verversing:** U is welkom om na die erediens 'n verversing te kom geniet buite op die kerkterrein. Baie dankie aan Modderrivier Wyk wat gesorg het vir die verversings.

Sondag 10 Oktober

- ☞ **Informele erediens** om 9:30 olv ds. Bertie Haasbroek
- ☞ **Sondagskool** - Geen (vakansie)
- ☞ **Deuroffer:** Bediening Kerkjeug
- ☞ **Verversingsbeurt:** Wyk 4

Oktober - Tiende Maand insameling

Die kerk se Augustus maand insameling het verskuif na Oktober, *die Tiende Maand*.

Die indeling van die bydrae is soos volg:

- ☞ 1/3 Vir Bybelverspreiding
- ☞ 1/3 Vir Sending
- ☞ 1/6 Vir Ons Woning en
- ☞ 1/6 Vir Ons Kinderhuis

Bydraes kan soos altyd Sondae in die kollekte-bordjie gegooi word, by die kerkkantoor inbetaal word of elektronies oorbetal word met die verwysing: Voorletters+Van+10de maand



Ons lees saam die Bybel

Bybellees-program

Ds Jaco gaan die Bybellees-program vir eers opskort tot ná sy siekteverlof. Dankie vir almal wat so getrou saam-lees.

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Oktober

- 3 Elna Coetzee, Zak Fourie
- 4 Johan Henning; Anele Hugo; Dawie Meades
- 5 SJ Van Jaarsveld
- 6 **Elsabê Stolk (81j);** Marie Van der Watt; Gerdus Venter
- 7 Dirk Crous; Cobus Groenewald; Hannelie Pietersen
Retha Van Der Berg
- 8 Lika Fourie; Lisa Fourie; **Ansie Van Niekerk (94j)**
- 9 Arno Bouwer



Oktober

- 6 Attie & Janine Van Jaarsveld (9j)
- 6 DJ & Chantel Jacobs (9j)
- 7 Fanus & Etha Marais (49j)

Voorbidding

- ☞ Ons bid vir almal wat deur die vernietigende **veldbrande** van die afgelope tyd geraak is.

- ✍ Mense wat direk deur **Covid-19** geraak word, hetsy self siek, of in kwarantyn vanweë kontak, of wat 'n dierbare afgestaan het aan die dood.
- ✍ **Ds Jaco** - Die operasie was 'n sukses en dit gaan elke dag beter. Bid vir spoedige herstel.
- ✍ **Hannes Nieuwoudt** - Baie siek, hou hom asseblief in julle gebede.
- ✍ **Suzane, Martiné, Niel du Toit en Annemarie Dercksen** - Ons innige meegevoel aan hulle en die familie met die afsterwe van Bennie du Toit. Baie sterkte vir julle.

Bybels in die Voorportaal

Daar is Bybels gratis beskikbaar in die Voorportaal van die kerk. Gemeentelede is meer as welkom om van die Bybels te neem indien hul weet van iemand wat 'n Bybel nodig het.

Dankbaarheid

My genade is vir jou genoeg

Almal weet seker dat ons 'n sopkombuis uit dieselfde gebou as waarin die gebedshuis is bedryf het en dat ons dit sedert einde verlede jaar moes ontruim en dat ek en Elize die sopkombuis sedertdien vanuit ons huis bedryf. Aan die een kant is dit vir ons gemaklik maar aan die anderkant ook ontwrigtend want dit steel baie van ons persoonlike privaatheid en is ook nie so gerieflik soos in die dorp nie. Ons en ander mense soek sedert verlede jaar onverpoosd na 'n nuwe plek naby aan die middel van die dorp: dit is waar die meeste werksoekers en bedelaaars gewoonlik rondhang, ons sendingveld. Ons het weliswaar 'n paar plekke geïdentifiseer maar dit het nooit gerealiseer nie want daar is elke keer 'n klip in die pad gerol wat die onderhandelinge ontspoor het.

Ons het moedeloos geraak en dit het ons laat wonder of ons Vader dan nie liewers wil hê dat ons van die huis af moet werk nie. Ons het egter 'n klagte oor ons bedrywighede hier gekry en het met nuwe ywer weer begin soek na 'n geskikte plekkie. Ek het gereeld dorp toe gegaan en gesoek en so twee weke gelede 'n plekkie gesien wat nogal geskik sal wees. Ek het die eienaar gaan sien maar kon sommer hoor dat hy nie beïndruk was nie en hy sou my later laat weet. Na 'n paar dae het my moed weer in my skoene gesak en op Maandag 20 sep. so 4 uur die middag sit ek en Elize in die sonkamertjie en gesels, onder andere weer daarvoor. Toe Elize in die huis ingaan het ek ernstig begin praat met ons Vader en Hom gevra om asseblief 'n plekkie te voorsien, want ons raak moedeloos en weet nie meer

watter kant toe nie. Daarmee gee ek die saak oor aan Hom. Elize kom terug en ons sit nog so, toe my foon lui en 'n vriend van my, André, groet en sê-vra of ek al 'n plek vir die sopkombuis gekry het, want hy het 'n plek wat hy dink miskien goed sal wees vir die doel.

Opgewonde maak ons 'n afspraak vir Dinsdag oggend en 10 uur beklink ons die onderhandeling en ons gaan die 1 ste nov intrek, miskien nog vroëer. Die prag van die verhaal is dat die plekkie nog nader aan die middel van die dorp is as wat die vorige plek was, en dat dit presies is wat ons wil hê. Ons was uit die veld geslaan en is net weer oortuig dat God luister, dat hy die regte tyd kies en ook die regte plek. Ons eer en loof en prys hom met alles in ons en is ook dankbaar vir almal wat altyd saam met ons hieroor gebid het en ons ondersteun het. Nou kan ons weer geestelike honger saam met honger vir kos op 'n gereelde grondslag bedien. Glo my, ons is soooo opgewonde en kan nie wag nie en weet verseker dat "Sy genade vir ons genoeg is".

Phillip van der Merwe.

<u>Leraar:</u>	Jaco Thom	084 523 1157	jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Kantoor:</u>	Madette Lombaard	053 574 0279	ngkpetrusburg@gmail.com
<u>Orrelis:</u>	Elmien Thom	084 562 3434	elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Koster:</u>	Annamarie Dercksen	072 499 4262	annamarie.dercksen@yahoo.com
<u>Webwerf</u>	www.ngkerkpetrusburg.co.za		facebook NG Kerk Petrusburg
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001		